WILGEDRAAI 2018

Inskrywingsprosedure

Maandag 30 Julie 2018

Die Voortrekkers

hou KOERS!

Volg hierdie proses om ’n Verkenner of volwassene in te skryf vir Wilgedraai:

1. Gaan na Wilgedraai se webblad by http://www.wilgedraai.co.za/.
2. Klik op “Teken In”



Wilgedraai Voortrekkerkamp

Wilgedraai Voortrekkerkamp word hierdie jaar vir die 31ste keer aangebied op die goue strande van die Vaaldam. Ons bied elke Verkenner, Staatmaker en Offisier die geleentheid om bietjie te kom ontspan, voor die laaste kwartaal van 2018.

3. Teken in met jou gebruikersbesonderhede. Indien dit jou eerste keer is, registreer asseblief vir jou ’n nuwe gebruikersrekening. Jy kan per Wilgedraaier ’n profiel skep of per gesin – net soos dit vir julle die gerieflikste is.



4. Klik op “Winkel”.

5. Wilgedraai se aanlyn winkel het verskeie items wat ’n gebruiker kan aankoop (buskaartjies, kursusse, kursusuitrusting, snoepiegelde en klerasie). Jy kan op jou tyd deur al die verskillende items werk en die waarin jy belangstel in jou winkelwaentjie plaas deur te klik op “Voeg by”. As jy jouself of jou kind inskryf moet jy die betrokke kursus(se) in jou winkelwaentjie plaas.



6. Wanneer jy gereed is om te betaal, klik op die winkelwaentjie. Jy kan op enige stadium op jou winkelwaentjie klik om te kyk watter items jy reeds bygevoeg het.



7. In die winkelwaentjie sal jy al die items sien wat jy daarin geplaas het. Jy kan die hoeveelhede verander en items uit jou winkelwaentjie verwyder soos nodig. Wanneer jy tevrede is met die inhoud en daarvoor wil betaal, klik op “Gaan na betaalpunt”.



8. Voltooi asseblief al die inligting wat op die verkoopsvorm gevra word. Klik dan op “Plaas bestelling”.
9. Betaal dan deur middel van die PayFast integrasie vir die items in jou winkelwaentjie.

10. Sodra die betaling verwerk is, is jou en/of jou kind(ers) se plek op Wilgedraai gereserveer.
11. Jy sal ook merk dat jy ’n e-poskennisgewing ontvang het met ’n bestellingnommer. Gaan nou na http://www.wilgedraai.co.za/inskrywingsvorm/ en voltooi die vorm vir elke persoon wie se kursus ingesluit is by dié bestelling.
12. Wanneer jy dié vorm ingestuur het, is die proses voltooi. Indien Wilgedraai nog inligting nodig het, sal die kampsekretaresse jou direk kontak.